



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2011

## MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: GEDIGTE

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG** **LEERUITKOMS 2 AS 2.3.1**

**Behoefte aan ongunstige weers- en ander omstandighede – TT Cloete**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN OPSTELVRAE VIR GEDIGTE nagesien.**

**Inhoud: om volpunte by die inhoud te verdien, behoort die kandidaat ten minste:**

- **die woord 'behoefte' te omskryf**
- **die woord 'ongunstige' te omskryf**
- **die afleiding te maak dat dit te goed gaan**
- **7 redes/bewyse aan te voer**

**Taal en styl: word volgens die rubriek gelees.**

**Redes of bewyse: Enige sewe**

1. Daar is te veel ryk boere
2. Daar is te veel fokus op materiële welvaart – 'Ford', 'Fordson', 'Mercedese'
3. Studente is nie ernstig oor hul studies nie –'halfgeleerde'
4. Sport is belangriker as akademie- 'sportiewe'
5. Daar is te veel tersiêre inrigtings
6. Universiteite stel personeel aan vir sosiale funksies
7. Daar is te veel lang lui somerdae/wintertye (moeilike tye) te min
8. Daar is te min watervoëls/te min mere en koue
9. Die "rugby en braai mentaliteit" (vrolike oppervlakkige genot) oorheers
10. Daar is te veel koerante
11. Koerante maak van boewe helde – 'hoere en moordenaars'
12. Te veel klem op lyflike genot – 'joollieste', 'minnaars', 'koninginne' en 'trompoppies'
13. Daar is te veel onbekwame politici
14. Daar is te min skilderye en boeke
15. Geen verbeeldingryke omkeer van seisoene of menings nie
16. Te min storms
17. Godsdiens word afgeskeep – 'ver uitmekaar lê hemel en aarde'
18. Slotsom: Ongesonde te veel mooi weer!

**Behoefte:** dui op 'n tekort, 'n nood, 'n noodsaaklikheid

**Ongunstige:** dui op iets wat onaangenaam, guur, sleg is

**Afleiding:** dit gaan sosiaal, finansieel en op sportgebied so goed met die mens dat dit wat saak maak – introspeksie en godsdiens en kuns en kultuur – afgeskeep word.

**Opmerking:** Inhoud

| | |
|---|---|
| 6 en meer feite | Kode 7 |
| 5 feite | Kode 6 |
| 4 feite | Kode 4 |
| 3 feite | Kode 3 |
| 2 feite | Kode 2 |
| 1 feit | Kode 1 |

Taal en styl: Beoordeel volgens rubriek. **[10]**

**VRAAG 2: Naskrif: ʼn Credo – Lina Spies**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK:BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Naskrif √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 2.2.1 | vrye vers/C √ | 1 | 2 | 4.2.6 | 1 |
| 2.2.2 | Geen vaste rymskema nie/Lengte van versreëls wissel/Geen vaste metriese patroon nie √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.6 | 2 |
| 2.3 | Dit is woorde uit ander digters se gedigte/Dis aanhalings van iets wat vir die spreker mooi is/Dui intertekstualiteit aan/Aanhalings uit ander gedigte/ Verwys na ander tekste √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 2.10 | 3 |
| 2.4 | Die spreker wil hê dat gewone mense haar gedigte moet lees, maar sy hou nie van gewone mense nie. (Moet BEIDE kante noem vir EEN punt). √ | 1 | 2 | 2.7 | 3 |
| 2.5 | Dit beklemtoon dat dit vir haar baie belangrik is dat haar gedigte gelees word/Dit beklemtoon dat sy daarna smag/geweldige behoefte het. (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 2.6 | Sy hou van volwassenes wat met kinderlike genot die lewe geniet/Sy hou van iemand met ʼn kinderlikheid/ iemand wat onopgesmuk is/iemand wat nie omgee vir ander se menings nie/iemand met ʼn ongekaarte vryheid/ ongewoonheid/natuurlikheid/sonder snobisme. (Enige EEN)√ | 1 | 2 | 4.2.5 | 3 |
| 2.7 | Die (liewe )vrou, (oud en verrimpeld), lyk (presies) nes ʼn parkiet.√ Vergelyking.√ | 2 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 2.8 | ʼn Innerlike oortuiging/standpuntstelling belydsverklaring/slagspreuk (Enige EEN) √ | 1 | 2 | 2.1 | 2 |
| | | **[10]** | | | |

**OF**

**VRAAG 3: die straatkind – Linda Roos**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK:BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.1 | D/al die bogenoemde √ | 1 | 2 | 4.2.6 | 1 |
| 3.2 | ʼn Bevoorregte/iemand wat sy afstand van uitgeworpenes soos straatkinders wil behou/iemand wat nie omgee vir die randfigure nie √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 3.3 | wou √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 3.4 | Dit dui op hoe apaties die spreker teenoor straatmense is./Dit beklemtoon dat die spreker nie omgee nie √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 3.5 | Verbymik/blik/bedelaars/pendelaars √ Kandidate kan verwys na e-/i-/a-assonansie (Indien nie onderstreep nie=0) | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 3.6 | Dit versterk die pyn/seer van die straatkind. √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 3 |
| 3.7 | Dit dra by tot die vloeiendheid van die gedig/suggereer beweging/Die skuldgevoel word toenemend al erger./Bind strofes tot eenheid. √ | 1 | 2 | 2.7 | 2 |
| 3.8 | Hulle is almal weerloos/kwesbaar/het geen verdediging nie √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.5 | 3 |
| 3.9 | Verklaar reël 12/gee meer inligting/spesifiseer wysheid/tyd √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 3.10 | Dit dui (figuurlik) op die spreker se gewete en/dat sy altyd gaan onthou wat sy waargeneem het./Dit dui daarop dat dit gebeur het sonder dat sy dit bedoel het/wou hê.√ | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| | | **[10]** | | | |

**OF**

**VRAAG 4: "CHRIST OF THE BURNT MEN" – Sheila Cussons**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Dis ʼn aanhaling (uit die werk van Thomas Merton, ʼn beroemde Rooms-Katolieke monnik en skrywer)/ intertekstuele verwysing √ | 1 | 2 | 2.10 | 1 |
| 4.2 | Informele aanspreekvorm/ jy/jou/ek/my√ | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 4.3 | Die tydperk voor haar lyding/toe sy eiesinnig/waaghalsig gelewe het/met voortvarendheid van die jeug/op ʼn afstand van Christus/nie Christus geken het nie/jonk was √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 4.4 | ʼn Verduideliking volg dat Hy niks gedoen het om haar pyn te keer nie. √ (Slegs verduideliking volg = 0) | 1 | 2 | 4.2.6 | 3 |

Kopiereg voorbehou 

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.5 | Sy was in die hospitaal/kry oortappings/behandeling vir brandwonde./Dit beklemtoon die geweldige pyn as gevolg van die ongeluk/brandwonde. √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 2 |
| 4.6 | Dit benadruk die impak van die ongeluk op haar lewe naamlik dat Christus d.m.v. vlamme, pyn en lyding haar lewe dramaties binnegetree het.√ | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 4.7 | Die herhaling van die voegwoord 'en' sorg vir 'n spesifieke ritme/Dit beklemtoon die spreker se intense waarneming/ontsag van/vir Christus √ | 1 | 2 | 2.7 | 1 |
| 4.8 | oopgevlek √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 4.9 | Jesus was letterlik 'n timmerman tydens sy lewe √ Figuurlik gesproke dui dit op Sy genesende, herstellende mag/Hy is kundig, want Hy weet hoe om iemand tot inkeer te bring./Hy is die Meester wat haar sal leer. √ | 2 | 2 | 2.7 | 2 |
| | | **[10]** | | | |

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG** **LEERUITKOMS 2 AS 4.2.5**

**OULAAS – Charles Fryer**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE nagesien.**

**Inhoud: om volpunte by die inhoud te verdien, behoort die kandidaat ten minste:**

- **2 opmerkings oor 'oulaas'**
- **3 kommentare oor leestekenaanwending en**
- **2 verwysings na beeldspraak/stylfigure te maak.**

**Taal en styl: volgens die rubriek.**

**Titel: (enige 2)**
Dit impliseer 'n laaste keer
Dit dui op 'n finaliteit
Dis presies wat dood is
Daar gaan nooit weer dinge saam gedoen word nie

**Leestekengebruik: (enige 3)**
Baie kommas verstadig die leestempo
Dit dra by tot hartseer ondertoon
Die dubbelpunt bevestig die realiteit van die oomblik
Na die dubbelpunt volg 'n verduideliking presies wat die oulaas regtig is
Die punte dui op afsluiting/voltooiing/klaarmaak
Aksenttekens beklemtoon dat die seuns soos die pa is (regop); dié wat kom beklemtoon die tyd wanner pa gaan skuinslê het as 'n presiese vooruitwysing na die ewige lê/slaap

**Beeldspraak/Stylfigure: (enige 2)**
Die suggestie van die doodskis bevestig die tema
Woordspeling in strofe 2 versterk die tema
Die metafoor dui op die hartseer van die oomblik
Personifikasie in strofe 4 trek die tema saam en verwys na die betraande sig
Die ironie in die slotstrofe volvoer die tema tot aan die einde en onderstreep hulle hartseer oor die dood **[10]**

**OF**

**VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK:BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | Oulaas beteken vir die laaste keer/ finaal. √ | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 6.2 | Kis verwys na die kis waaruit hulle die klere vir spesiale geleenthede uitgehaal het, bv. kerkklere. √<br>Kis verwys na die kis wat hulle dra. √ | 2 | 2 | 2.7 | 3 |
| 6.3 | Deur ŉ metafoor te gebruik ‘suidewind is bitterbos/reën’. Dit dui op trane/ deurdat die natuur saamhuil in die reën. (Enige TWEE) √√ | 2 | 2 | 2.7 | 2 |
| 6.4 | Die dooie gewig wat hulle dra is swaar OF dit is moeilik om te verwerk dat die pa dood is. | 2 | 2 | 2.7 | 2 |
| 6.5 | Huil/sonvibrasie/lugspieëling/hobbelrige pad √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.5 | 1 |
| 6.6 | Skuinslê beteken om ŉ bietjie te rus maar in die dood gaan hy vir ewig rus./ Pa het gewoonlik ŉ sekere tyd van die middag gaan rus. Pa se begrafnis vind op hierdie tyd plaas. √√ (2 of 0) | 2 | 2 | 2.7 | 3 |
| | | **[10]** | | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

## VRAAG 7: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.1)

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite
- Al die feite hoef nie genoem te word nie
- Geen subopskrifte in die opstel nie
- Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal
- Vir volpunte by inhoud word die getal feite by die subopskrif aangedui

**Inleiding:**

- Verryk – lewer 'n bydrae tot iets
- Uniekheid – anders as die normale
- Nugterheid – doen dinge presies soos dit is, geen foefies of geite
- Vormende invloed – maak van Iris wie sy is

**Iris se ma: (6 gemotiveerde feite)**

- Sy dink Iris het 'n mooi naam
- Sy is tevrede en aanvaar dinge gelate
- Sy laat Iris haar tande met as borsel
- Dit bevestig 'n aardsheid by Iris
- Sy is altyd daar vir haar kinders
- Sy leer Iris waardevolle vrou-wees lesse
- Sy is besorg oor die pa se cholesterol
- Sy fokus op eggenoot-wees
- Sy is nie inmengerig nie
- Sy wil Iris nie keer om Riekie te sien tydens die eksamen nie
- Sy het 'n beleid van absolute vertroue
- Sy laat Iris en Peter gaan swem sonder klere
- Sy is lief vir plante
- Sy kweek die liefde vir plante by Iris aan
- Sy brei vir haar kleinkinders
- So leer sy tradisies vir Iris
- Sy is lief vir Polder
- So kweek sy 'n liefde vir diere by Iris
- Sy is nie bevooroordeeld teenoor mense a.g.v. rasseverskille/afkoms nie
- Sy leef in haar eie wêreld

**Johanna: (5 gemotiveerde feite)**

- Sy is altyd opgeruimd
- Sy leer vir Iris blymoedigheid
- Sy is georganiseerd
- Sy maak dat Iris haar eie huishouding kan hanteer
- Sy is wel ter tale
- Iris kan maklik met mense kommunikeer
- Sy is reguit
- Sy huiwer nie om Elsa oor haar katoenonderklere aan te spreek nie
- Sy het 'n sterk persoonlikheid
- Iris takel New York vrou alleen
- Sy is gesteld op voorkoms
- Iris word as model gesien

**Bettie: (4 gemotiveerde feite)**

- Sy is afhanklik
- Sy laat Iris besef dat daar meer in die lewe is
- Sy is bakleierig met Brian
- Sy laat Iris besef wat sy in Peter het
- Sy het 'n swak selfbeeld
- Sy laat Iris al hoe sterker na vore tree
- Sy sukkel om met Brian se kinders oor die weg te kom
- Iris vind dit maklik
- Sy is neerhalend teenoor Brian sy laat Iris Peter soveel meer waardeer

**Slot:** Trek alles saam aan die einde met die klem op Iris. **[25]**

**VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK: BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 8.1.1 | In Frankryk(toe sy op pad was na Peter)√ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.1.2 | Haar ouma √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.1.3 | Sy vertel dat die engel saam met hulle geëet het/sy sê die Engel was altyd by hulle toe Ouma nog geleef het. √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.1.4 | Hy het dit as onsin/bog/snert afgemaak.√ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.1.5 | Realis √ | 1 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 8.1.6 | Sy is getroud met Peter en hy beskerm haar/haar ma sukkel sonder die pa met die ryery/sy dink haar ma het hom meer nodig √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 8.1.7 | Die Engel was nie daar toe Peter sy sweisongeluk gehad het nie √ Sy oë het seergekry en sy beskuldig hom dat hy nie sy werk behoorlik doen nie.√ | 2 | 2 | 4.2.2 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 8.1.8 | Beskermengel/raadgewer/ gespreksgenoot/vertroueling √√ (Enige TWEE) | 2 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 8.2.1 | Eerstepersoonsverteller/ek-verteller √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.2.2 | Maak die gebeure meer geloofwaardig/kan Iris se emosies die beste beskryf/ken Iris die beste √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 8.2.3 | Alles word subjektief beskryf/wat Iris vertel is nie noodwendig die volle waarheid nie/jy weet nie wat ander karakters voel, dink en glo nie √√ (Enige TWEE) | 2 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 8.3.1 | Iris se pa √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.3.2 | Daar was nie ŉ badkamer nie/sy was bang seekoeie vreet haar hond op √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.3.3 | Sy word nou die vrou van die huis/dis die eerste keer dat Iris en haar ma geskei gaan word √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.4 | 3 |
| 8.3.4 | Hy koop die huis waarin sy grootgeword het/sy hoef nie afskeid te neem van haar lelie nie/hy beskerm haar/bied sekuriteit/gee standvastigheid √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.3 | 3 |
| 8.4.1 | Sy het ŉ blomnaam/wat beteken om een maal per jaar te blom/Iris gryp elke geleentheid as moontlike blomtyd aan. √ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.3 | 1 |
| 8.4.2 | Hy blom net een keer per jaar (om kwart voor sewe in die aand) √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 8.4.3 | Sy wag voortdurend vir haar blomtydperk. √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 8.4.4 | New York √ Parys. √ | 2 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 8.4.5 | Deur haar lot te aanvaar/net opreg mens te wees/lief vir haar man en haar mense te wees. √√ (Enige TWEE) | 2 | 2 | 4.2.4 | 3 |
| | | **[25]** | | | |

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG (LU2 AS 4.2.1)**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL:
- Dis ʼn breë raamwerk van feite
- Al die feite hoef nie genoem te word nie
- Geen subopskrifte in die opstel nie
- Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal
- Vir volpunte by die inhoud word die getal feite by die subopskrif aangedui

**Inleiding**: Wedersydse respek en begrip is noodsaaklik in interkulturele/veelrassige verhoudings.

**Die onwillige Baas wat as versorger en hulp vir die gemeenskap op Manaka optree (5 gemotiveerde feite)**

- Baas beweer dat hy nie na Manaka toe gekom het om die gemeenskap te help nie
- Sy optrede is egter dié van´n omgeemens
- Hy help die Angolese vlugteling, Manuel, se dogtertjie
- Hy gee haar 10 malariapille
- Hy besoek haar aan huis
- Hy help Grace toe sy siek was
- Hy weier eers, maar loop later na Mubuyu toe
- Hy is sonder ʼn sweempie rassevooroordeel of hartvogtigheid
- Hy bestee geld in belang van ander
- Hy gee sy laaste geld uit aan klere vir Grace
- Hy koop antimalariapille vir die mense wat by Manaka om hulp kom aanklop
- Hy lewer vleis aan mense sonder om noodwendig geld te vra
- Grace sê hy is nie goed met besigheid doen nie
- Hy gee kos aan diegene wat honger is

**Griesel en Riekert enersyds en Nanna andersyds se houdings teenoor die plaaslike bevolking (5 gemotiveerde feite)**

- Griesel het ´n meerderwaardige houding teenoor die plaaslike gemeenskap
- Hy was sy hande nadat hy die khuta en meneer Kebbey gegroet het
- Hy beskou die gemeenskap as "ongeredde siele"
  (al word ouma Essie as profeet van die Bybel gereken en al was Joseph Sitali ´n sendeling).
- Riekert is meerderwaardig as hy laat blyk dat swart mense nie vir hom individue is nie

- Hy beskou hulle as gesigloos
- Hy sê hulle lyk almal eenders
- Hy beskou ouma Essie bloot as´n “swarte” en “´n goeie ou siel”
- Hy misbruik haar gasvryheid
- Riekert het ´n dik rol Suid-Afrikaanse note, maar betaal haar net R5 vir´n week se kos en verblyf.
- Hy maak neerhalende rassistiese opmerkings
- Hy is betrokke by vergrype teen die gemeenskap, want hy glo dat hy daarmee sal wegkom omdat hy wit is
- Hy is korrup/krimineel betrokke by diamantsmokkelary, poging tot verkragting, konkelary om die pontbootkonsessie
- Nanna is ´n positiewe mens wat aanklank vind by die plaaslike gemeenskap
- Sy stel opreg belang in mense
- Sy is besorg oor meneer Johnie se omstandighede en reik uit na hulle
- Sy leen haar sweetpak vir Grace toe sy natgereën het
- Sy leer Grace haar kitaar speel
- Nanna maak kontak met die mense van Afrika
- Sy lei die sangdiens vir die vroue
- Sy is dadelik bereid om na meneer Mosko se sterwende ma toe te gaan
- Sy speel met die kinders, leer hulle verf, ens.

**Grace en ouma Essie as brugbouers tussen kulture (5 gemotiveerde feite)**

- Ouma Essie is ’n vredemaker tussen die khuta en die blankes
- Sy bepleit die saak van die hoër konsessiegeld sodat Baas en die sendelinge nie benadeel moet word nie
- Ouma Essie se posisie as profeet van die Bybel is ’n versoeningsposisie tussen die Christendom en die sendelinge enersyds en meneer Chisupo en die mag van die tradisionele Afrika godsdienste andersyds
- Sy eis nooit iets vir haarself nie, maar beywer haar vir die uitdra van God se Woord en werk.
- Grace is´n tolk wat moet sorg dat wit en swart mense kan kommunikeer
- Dit maak haar ’n ware tussenganger
- In´n poging om die vrede te bewaar, verduidelik sy vir die blankes hoe die khuta werk
- Sy sê ook hoe jy veronderstel is om teenoor gesagsdraers op te tree
- Sy interpreteer stamgebruike, soos handeklap (respek) asook ’n stukkie koevert of koerantpapier wat op ´n dagvaardiging dui
- Sy lê haar hele stamboom aan die blankes uit sodat hulle nie oneerbiedig teenoor vername persone moet optree nie
- Sy versag ook die blankes se kras woorde en laat dit eerbiedig klink

**Slot:** Die oplossing van spanning tussen wit en swart lê in wedersydse begrip vir mekaar se kultuur en gebruike. Christenskap word hier as ´n voorwaarde vir vrede tussen groepe gesien.

Naas die inhoud (uit 15) moet die aanbieding (taal en styl) ook geassesseer word (uit 10), volgens die rubriek.

## VRAAG 10: KONTEKSUELE VRAAG

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | DENKVLAK: BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 10.1 | Die sendelinge (oom Scholzie, Griesel en Nanna du Pisani) √<br>Die plaaslike bevolking (ouma Essie, Grace, meneer Johnie, hulpbehoewendes) √ | 2 | 2 | 4.2.4 | 1 |
| 10.2 | Die natuur(dinge)√ rondom Manaka/sy kamp/sy blyplek.√ | 2 | 2 | 4.2.3 | 1 |
| 10.3 | Baas is ook bewus van Nanna √ en die feit dat sy getroud is.√ | 2 | 2 | 4.2.3 | 2 |
| 10.4 | Sy het haar Bybel gelees en aantekeninge daarin gemaak.√ Sy het ŉ kruisie, as teken van haar geloof, om haar nek gedra.√ | 2 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.5 | Sy geboorte was vir sy ma spesiaal en sy het dit by haar gunsteling vers aangeteken. √ Dit is dus haar wens/seënbede vir haar eersgeborene: dat hy, soos sy, aan God sal behoort tot in ewigheid en nooit verlore sal gaan nie. √ | 2 | 2 | 4.2.1 | 3 |
| 10.6 | Die dikkop (onweervoël) roep√<br>Dis drukkend warm√<br>Die maan groei√ | 3 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 10.7 | Hy tref voorsorg teen malaria/muskiete wat hom kan byt√ en hom weer malaria kan laat opdoen.√ | 1 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 10.8.1 | Word siek, word deur ouma Essie op Mubuyu versorg, kry medisyne by Baas, herstel.√ | 1 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 10.8.2 | Koorsig en ylend in haar ouers se hut. Baas gee haar 10 chlorokienpille, voordat sy beter word.√ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.8.3 | Die malariapille wat Baas haar gee help nie. Sy sterf.√ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 10.8.4 | Voel siek, gaan hospitaal toe, kry behandeling, herstel, maar kom nie terug na Manaka toe nie.√ | 1 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 10.9.1 | Briekwa is dood na 'n hondegeveg met Longwane.√ | 1 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 10.9.2 | Hy word op Manaka se werf onder die kameeldoring begrawe.√ | 2 | | | |
| 10.10 | Hy worstel oor Christenskap/geloof in God.√ | 1 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 10.11 | Sy moet Manaka verlaat. √ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.12 | Sy spring in die rivier om haar Bybel te red/terug te kry. √ | 1 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 10.13 | Sy kan nie swem nie. √ | 1 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| | | **[25]** | | | |

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL:
- Dis 'n breë raamwerk van feite
- Al die feite hoef nie genoem te word nie
- Geen subopskrifte in die opstel nie
- Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal
- Vir volpunte by inhoud word die getal feite by die subopskrif aangedui

**Inleiding:** Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

**Ta Vuurmaak (4 gemotiveerde feite)**

- Hy is "die oudste oupa in Vatmaar"
- Hy is die een met die meeste kennis van die geskiedenis van die nedersetting
- Hy dra met sy verhale aan die kinders sy kennis aan die volgende geslagte oor
- Hulle eer Ta Vuurmaak vir sy kennis en wysheid en begrawe hom soos hy dit wou hê/volgens sy tradisie/ geloofsverskille neem nie hulle agting vir hom weg nie
- Ta Vuurmaak raak wyshede kwyt – hy het 'n andersoortige intellek
- Hy is geensins minderwaardig aan 'n boekgeleerde nie
- Hy deel 'n universele goedheid mee toe hy aan die jong seuns sê: "Deel met jou broer wat jy het. Dit sal vermenigvuldig terugkom."
- Hy leer die seuns omtrent die kompleksiteit en ook die eenvoud van die natuur
- Die seuns kom te hore van die goeie en die bose geeste
- Hy kweek dus by die jeug respek vir die natuur
- Leer hulle dat mens, dier en plant in simbiose en harmonie met mekaar kan leef
- Hy leer die seuns van die Griekwa-kultuur

Ook van die belangrike rol van godsdiens in die mens se lewe (want, sê hy, "Die wêreld is meer gees as aarde.")

- Hy vertel ook die seuns by verskeie geleenthede van die hardheid van die witmense
- Sonder Ta Vuurmaak sou die gemeenskap in Vatmaar beslis armer gewees het aan kultuurgoed

**Tant Wonnie en haar gesin (4 gemotiveerde feite)**
- Tant Wonnie, Suzan en Kaatjie is ŉ model-gesin
- Kenneth word ook later ingetrek
- Tant Wonnie en Suzan leef in harmonie en tevredenheid
- Suzan is die broodwinner en sorg vir haar ma
- Kaatjie en Kenneth doen alles wat moontlik is om Tant Wonnie te help wanneer sy in die tronk is
- Hierdie mense se goedheid strek verder as hulle eie klein gesin, soos wat ons sien wanneer Kenneth sy geld gebruik om ŉ kliniek op te rig waarby die hele gemeenskap in Vatmaar kan baat vind
- Tant Wonnie is as't ware die verpersoonliking van liefde
- Sy is ŉ goeie mens wat (ondanks haar armoede) vir ander omgee en help waar sy kan
- Sy is die toonbeeld van onskuldige lyding, soos wat ons sien toe sy vals van diefstal beskuldig word en in die tronk beland
- Ondanks hierdie onreg word sy nie bitter nie, maar staan vas in haar goedheid
- As gevolg van haar innerlike krag is sy in staat om te triomfeer ondanks haar moeilike omstandighede
- Sy word uiteindelik vir haar goedheid beloon en sy leef op haar oudag sonder finansiële kommer

**Ma Khumalo (4 gemotiveerde feite)**
- Sy is nie rassisties nie, sien nie ŉ persoon se kleur raak nie
- Sy belig die gesindheid van die Vatmaar-gemeenskap die beste
- Borman word deur sy eie familie verstoot – sy sien om na hom, tree op as sy moeder
- Alles wat sy het, deel sy met hom terwyl sy hom gesond dokter
- Sy gee liefde aan hom
- Ook Miriam Mohammed (Mary) vind by Ma Khumalo ŉ holte vir die voet toe sy deur haar ouers verjaag word na haar ongehude swangerskap
- Ma Khumalo verpleeg die gebroke meisie totdat sy weer na siel en liggaam geheel is en haar baba gebore word

**Oom Chai (3 gemotiveerde feite)**
- Hy neem die leiding in die stigting van Vatmaar
- Begin die dorp met vatmaar-goed: goed wat hulle in die oorlog by Afrikanerhuise gebuit het
- Hy is die een wat namens sy gemeenskap met die blankes onderhandel
- Hy praat met George Lewis oor die stigting van die nedersetting
- Hy praat met die dominee oor die oprigting van ŉ kerk
- Hy is in beheer van die inwyding van die kerk en is ŉ ouderling
- Oom Chai is ŉ slim onderhandelaar
- Hy is ŉ leier in die gemeenskap

- Hy tree op as hoofman/nie-amptelike burgemeester van die nedersetting
- Hy gee geld vir Ruth se trourok
- Hy handhaaf taal en dissipline
- Hy ontvang nuwe intrekkers in die gemeenskap

**Slot:** Die kandidaat voorsien die opstel van ŉ gepaste slot.

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT | LU | AS | BARRETT |
|---|---|---|---|---|---|
| 12.1 | Oom Flip, Bet, Siesie Lena en Janman is op pad na die polisiestasie. ✓<br>Hulle word van onwettige besit van diamante verdink. ✓ | 2 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 12.2 | Hy was deel van die planne/komplot ✓<br>en het hulle geheim aan die polisie verklap. ✓<br>(2 of 0) | 2 | 2 | 4.2.2 | 3 |
| 12.3 | Die onmenslike behandeling van mense/lyding van mense ✓✓ | 2 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 12.4 | Hy het diamante(van mnr. Swartz) gesteel. ✓/<br>Hy het diamante (van sy werkgewer) gesteel. | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 12.5 | Nee.<br>Sy het op haar eie die weggesteekte diamante onder die klip probeer steel. ✓✓<br>Geen punte vir NEE. TWEE punte vir korrekte motivering. | 2 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 12.6 | Bet het onder onaangename omstandighede gewerk, ✓<br>terwyl Siesie Lena se werkgewer haar goed behandel het. ✓ | 2 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 12.7.1 | Ma en seun ✓ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 12.7.2 | Geliefdes ✓ /<br>Man en vrou ✓ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 12.8.1 | Sy moes haar liefde aan Oom Flip bevestig/ hom innig soen ✓en hom ŉ guns vra om die diamant by sy werkgewer te steel. ✓ | 2 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 12.8.2 | Hulle wou ŉ beter lewe lei. ✓✓ | 2 | 2 | 4.2.2 | 2 |
| 12.8.3 | Ja. ✓<br>Die diamante is uiteindelik (aan mister Hall-stone) verkoop en Oom Flip, Bet, Siesie Lena en Janman het elkeen 200 pond gekry. ✓<br>Geen punt vir JA. TWEE punte vir korrekte motivering. | 2 | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 12.9.1 | Sy moes haar erfgoed gaan haal. ✓ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 12.9.2 | Sy gaan met Oom Flip trou. ✓ | 1 | 2 | 4.2.1 | 1 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 12.10 | Hulle is onskuldig bevind, ✓ want die polisie kon nie die diamante by/aan hulle vind nie. ✓ | 2 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 12.11 | Sy het (vir die behoeftige man) vyf pond/geld gegee. ✓ | 1 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| 12.12 | Derdepersoonsverteller/ Alomteenwoordige verteller/ Ouktoriële verteller✓ (Enige EEN) | 1 | 2 | 4.2.2 | 1 |
| | | **[25]** | | | |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

### VRAAG 13: OPSTELVRAAG (LU2 AS 4.2.8)

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.**

LET WEL:

- Dis 'n breë raamwerk van feite
- Al die feite hoef nie genoem te word nie
- Geen subopskrifte in die opstel nie
- Indien wel, penaliseer met een kategorie by struktuur en taal

Vir volpunte by die inhoud word die getal feite by die subopskrif aangedui

- **Inleiding:** Intrige is die situasie waarop die drama gebaseer is en wat tot die organisering van die gebeure lei.
- **Subintrige:** Die subintrige van 'n drama is 'n ondergeskikte handelingslyn met sy eie patroon.

**Map se uitgelewerdheid en gevangenskap (5 gemotiveerde feite)**

- Map is uitgelewer aan die politieke bestel (Hy het baie potensiaal: slim, talentvol, ambisieus, maar kan slegs 'n bode word, want al die goeie werke is vir blankes)
- Map is uitgelewer aan die omstandighede van die township (Hy is verbitterd en wend hom na die bendes, waar hy gou leier van drie bendes word)
- Map is uitgelewer aan sy besluite en dade (Die aand van die rooftog loop alles skeef as hy toelaat dat sy ego gestreel word en hy toestemming vir die verkragting gee. Sy oordeelsfout lei tot die dubbele moord.)
- Map beland fisies in die tronk ( Hy neem verantwoordelikheid vir sy dade en kry 12 jaar tronkstraf, waarvan hy sewe uitdien)

Map is ook psigies in 'n tronk (Hy is uitgelewer aan die gemeenskap se oordeel/vooroordeel)

**Map se vryheid (4 gemotiveerde feite)**

- In die tronk kom Map kragdadig tot bekering (Map het ŉ duidelike skuldbesef en ware berou en onder leiding van apostel George maak hy ŉ oorgawe aan Christus).
- Map word geestelik vry (Hy doen belydenis van sy skuld en word vergewe en vrygespreek).
- Map word fisies vry (Hy keer nie terug na sy bendebedrywighede nie, maar soek onder moeilike omstandighede werk)
- Uiteindelik is daar ook die moontlikheid van ŉ nuwe begin (Hy word met sy ma en Blanchie versoen en alle struikelblokke word uit die weg geruim)

**Cavernelis se uitgelewerdheid (3 gemotiveerde feite)**

- Cavernelis is uitgelewer aan die politieke bestel (Hy is ŉ slagoffer van apartheid en gedwonge verskuiwing. Die groepsgebiedewet plaas hom in die township wat volgens La Guma " ŉ big bloody prison" is)
- Cavernelis is uitgelewer aan die omstandighede van die township (Cavernelis is ontevrede in die huurwoonstel en die woonbuurt wat gevaarlik en benede hom is. Hy doen alles in sy vermoë om so gou as moontlik so veel as moontlik geld te verdien om weg te kom uit die omstandighede en doen daarom twee werke).
- Cavernelis is uitgelewer aan sy besluite en dade (In sy obsessie om weg te kom uit die woonbuurt uit, moedig hy Blanchie se vriendskappe oor die kleurgrens aan. Hy laat haar misbruik onder die dekmantel van modelwerk en skoonheidskompetisies).

**Cavernelis se vryheid (3 gemotiveerde feite)**

- Cavernelis kan fisies nie ontsnap nie (Hy kom nooit uit sy omstandighede en die township nie)
- Cavernelis kan psigies nie ontsnap nie (As dit duidelik word dat Blanchie nie ŉ oorsese modelkontrak gaan kry nie en sy hom daarvoor verwyt, besef Cavernelis sy skuld. Hy voel skuldig oor die prys wat Blanchie vir sy droom moes betaal en as Maud boonop sê dat hulle verneder gaan word in die gemeenskap waarop hy neersien, kan hy homself nie vergewe nie).
